Privaat sak X11, Arcadia 0007
Tel. (012) 328-5082
Faks (012) 328-5091
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Engelenburghuis
Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

Stigtingsjaar 1909

26 Maart 2015

**PERSVRYSTELLING**
**(Vir onmiddellike vrystelling)**

Die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het op die volgende bekronings vir 2015 besluit.

Die pryse sal na keuse van die bekroondes tydens bekroningsplegtighede, onderskeidelik op Stellenbosch (24 Junie) en Pretoria (2 Oktober) oorhandig word.

Hierdie verklaring bevat die besonderhede van die bekronings vir 2015. Die bekroondes is waar moontlik reeds mondeling oor die bekronings ingelig.

**1. ERELIDMAATSKAP VAN DIE SA AKADEMIE**

Erelidmaatskap is toegeken aan **prof. Jaap C. Steyn**, verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat.

Erkenning word aan prof. Steyn gegee vir sy kulturele en akademiese bydraes deur die jare, nie alleen in Suid-Afrika nie, maar ook in Vlaandere en Nederland. Ook vir die veelsydigheid, die gehalte van sy bydraes tot onder meer die Afrikaanse letterkunde, taalwetenskap, taalsosiologie, joernalistiek, geskiedenis en kultuurgeskiedenis.

**2. HERTZOGPRYS VIR DRAMA**

Die Hertzogprys is die vernaamste prestigeprys in die Afrikaanse letterkundige wêreld en heet na die groot kampvegter vir Afrikaans, genl. J.B.M. Hertzog. Die prys is beperk tot oorspronklike letterkundige werk in Afrikaans en word jaarliks om die beurt toegeken vir poësie, drama en verhalende prosa in dié volgorde. Die prys word toegeken op aanbeveling van die Akademie se Letterkundekommissie.

Die Hertzogprys word vanjaar toegeken aan **Tertius Kapp** vir sy twee dramas ***Rooiland*** en ***Oorsee*.**

Die prys word geborg deur *Rapport* en ontvang 'n 18 kt goue medalje.

Navrae oor hierdie prys: Prof. Hennie van Coller, Selfoon: 082 825 9743;
E-pos: vcollerh@ufs.ac.za

**3. EUGèNE MARAISPRYS**

Die prys word toegeken vir 'n eerste of vroeë letterkundige werk en kan net een keer aan 'n persoon toegeken word.

Die prys word toegeken aan **Nicola Hanekom** vir haar drama ***Die pad byster.***

Die prysgeld word gedeeltelik geborg deur *Rapport*.

Navrae oor hierdie prys: Prof. Hennie van Coller, Selfoon: 082 825 9743;
E-pos: vcollerh@ufs.ac.za

**4. TIENIE HOLLOWAYMEDALJE VIR KLEUTERLITERATUUR**

Die medalje is driejaarliks beskikbaar en word toegeken aan die skrywer wat die beste werk van 'n bevredigende gehalte in Afrikaans gelewer het in die genre van kleuterliteratuur.

Die prys word toegeken aan **Ingrid Mennen** vir ***Ben en die Walvisse*.**

Die prysgeld word gedeeltelik geborg deur die ATKV.

Navrae oor hierdie prys: Prof. Hennie van Coller, Selfoon: 082 825 9743;
E-pos: vcollerh@ufs.ac.za

**5. ELSABE STEENBERGPRYS VIR VERTAALDE KINDER- EN JEUGLITERATUUR IN AFRIKAANS**

Dit is vir die doel van die prys geoorloof om uit enige taal werke in Afrikaans te vertaal. Hierdie werke word gemik op lesers in die ouderdomsgroep 5 tot 12 jaar (kinderliteratuur) en tieners en jong volwassenes (jeugliteratuur). By die beoordeling van die vertaling word gelet op die aansien wat die vertaalde werk binne sy eie letterkunde geniet en op die juistheid, oorspronklikheid en gehalte van die vertaling.

Die prys word toegeken aan **Kobus Geldenhuys** vir ***Hoe om Drakonees te praat***.

Die prysgeld word geborg deur die PUK-Kanselierstrust van die Noordwes-Universiteit.

Navrae oor hierdie prys: Prof. Hennie van Coller, Selfoon: 082 825 9743;
E-pos: vcollerh@ufs.ac.za

**6. M.T. STEYNPRYS VIR NATUURWETENSKAPLIKE EN TEGNOLOGIESE PRESTASIE**

Die prys word toegeken aan 'n kandidaat vir sy skeppende bydraes tot die ontginning, organisasie en volgehoue uitbouing van 'n vertakking(s) van die natuurwetenskap of die tegnologie. Dit moet as 'n wesenlike en belangrike bydrae tot die bevordering van die natuurwetenskap of die tegnologie beskou word, en moet suksesvol toegepas word in landsbelang. Die prys word beskou as die kroon op 'n lewenstaak en kan daarom slegs een maal aan 'n persoon toegeken word.

Die prys word vanjaar toegeken aan **prof. J.N. (Kobus) Eloff,** verbonde aan die Departement Parakliniese Wetenskappe, Universiteit van Pretoria.

Die prysgeld word geborg deur Sanlam.

**7. HAVENGAPRYS VIR LEWENSWETENSKAPPE**

Die Havengaprys is 'n jaarlikse prestigeprys wat toegeken word vir oorspronklike navorsing op natuurwetenskaplike en/of tegnologiese gebied. Die prys kan net een maal aan 'n persoon toegeken word.

Die prys word toegeken aan **prof. L.M.T. (Leon) Dicks**, verbonde aan die Departement Mikrobiologie, Universiteit van Stellenbosch.

Prof. Dicks het sy navorsing gewy aan die antimikrobiese peptiede en probiotiese eienskappe van nuut beskryfde melksuurbakterieë. Hy het reeds 15 nuwe spesies van melksuurbakterieë en 12 nuwe bakteriosiene beskryf. Hy was die eerste Suid-Afrikaner om te help skryf aan hoofstukke (agt in totaal) vir *Bergey's Manual of Systematic Bacteriology*, 'n handleiding oor die taksonomie van bakterieë. Sy groep was ook die eerste om antimikrobiese peptiede van melksuurbakterieë in nanovesels te inkorporeer

en hulle het 'n nanoveselwondbedekking ontwikkel met antimikrobiese eienskappe. Die probiotikum, entiro™ wat hy vir 'n toonaangewende internasionale farmaseutiese maatskappy ontwikkel het, is reeds in 65 lande gepatenteer en het in Januarie 2013 op die Suid-Afrikaanse mark verskyn. 'n Koubare vorm van entiro™ vir kinders is in Julie 2014 bekendgestel.

**8. HAVENGAPRYS VIR FISIESE WETENSKAPPE (CHEMIE)**

Die prys word toegeken aan **prof. J.P. (Jacques) Petzer**, verbonde aan die Departement Farmaseutiese Chemie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus.

Prof. Petzer het 'n groot bydrae gemaak op die gebied van farmaseutiese chemie. Sy werk word grootliks gefokus op die ontdekking en ontwerp van nuwe geneesmiddels vir die behandeling van neurodegeneratiewe siektes, met spesiale klem op Parkinson se siekte.

**9. STALSPRYS VIR MULTI- EN INTERDISSIPLINÊRE SPANWERK**

Die Stalsprys word toegeken vir 'n hoogstaande publikasie of 'n reeks van hoogstaande publikasies by voorkeur in Afrikaans, asook vir indiwiduele of gesamentlike produkte van hoogstaande gehalte waardeur buitengewone bydraes tot die wetenskapsbeoefening gemaak word.

Die prys word toegeken aan **prof. G.B. (Gerhard) van Huyssteen**, verbonde aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus.

Prof. Van Huyssteen het aansienlike interdissiplinêre navorsing en publikasies saam met rekenaarwetenskaplikes, rekenaarlinguiste, rekenaaringenieurs en tegnologie-ontwikkelaars onderneem, uitgevoer en geproduseer. Ofskoon die werk tot die voordeel van die vakgebied rekenaarlinguistiek strek, het dit ook die teenwoordigheid van Afrikaans op die web, en die ontwikkeling van digitale produkte vir die toetsing van Afrikaanse spelling en grammatika bevoordeel. Die werk waarby hy betrokke was en is, getuig van uitnemendheid. As voorbeeld word verwys na die Afrikaanse speltoetser vir *Microsoft Office*, wat beskryf word as waarskynlik die bekendste en mees gebruikersvriendelike speltoetser op die mark.

**10. STALSPRYS VIR KOMMUNIKASIEKUNDE EN JOERNALISTIEK**

Die prys word toegeken aan **prof. Lizette Rabe**, tans hoogleraar, Departement Joernalistiek, Universiteit van Stellenbosch.

Prof. Rabe het haar onderskei as gesiene akademikus in 'n vakgebied waar praktiese ervaring, gekoppel aan grondige akademiese kennis, 'n voorvereiste is. Haar loopbaan getuig van 'n benadering om alle geleenthede te benut om joernalistiek as vakgebied te bevorder en uit te bou. Haar insig in die snelveranderende omgewing van elektroniese kommunikasiemiddele stel haar in staat om joernalistieke aanwending in die nuwe medium akademies te ontleed en toekomstige joernaliste daarvoor te skool.

**11. STALSPRYS VIR SIELKUNDE**

Die prys word toegeken aan **prof. Leslie P. Swartz**, verbonde aan die Departement Sielkunde, Universiteit van Stellenbosch.

Prof. Swartz was hoofrolspeler in die totstandkoming van die Sentrum vir Openbare Geestesgesondheid, in samewerking met die Universiteit van Kaapstad. Prof. Swartz dien as inspirerende voorbeeld van 'n sielkundige en akademikus in die uitlewing van sy passie na vernuwing op die terrein van die sielkunde en die verwerwing van kennis wat hy deur woord en daad uitleef.

**12. HUBERTE RUPERTPRYS VIR KLASSIEKE MUSIEK**

Die veld van toekenning dek die klassieke musiek.

Die prys word toegeken aan **mnr. John Roos** van Pretoria.

Mnr. Roos was tot met sy onlangse uittrede direkteur van die Unisa Musiekstigting, verantwoordelik vir die organisasie van die nuutgestigte Unisa Internasionale Musiekkompetisies. Sy werk het ook ingesluit die aanbieding van die jaarlikse konsertreekse deur buitelandse en Suid-Afrikaanse ensembles en soliste, asook opvoedkundige gemeenskapsprojekte in Gauteng.

Die prysgeld word deur die Rupert Stigting geborg.

**13. DELEEN BEKKERPRYS VIR DIE BESTE ROLPRENTDRAAIBOEK IN AFRIKAANS**

Die prys word toegeken aan **mnr. Chris Barnard** vir sy rolprentdraaiboek *Die Wonderwerker*.

Die draaiboek is in suiwer en ryk Afrikaans geskryf en lewer bewys dat die skrywer, Chris Barnard, weens sy wye ervaring van draaiboekskryf by uitstek bevoeg is om 'n draaiboek van hierdie aard te skryf. Sy idiomatiese gebruik van die taal, met verbeeldingryke visuele beskrywings, rolprentmatige en vloeiende dialoog, staan uit.

Die prysgeld en 'n 9kt goue medalje word vanjaar vir die tweede keer toegeken.

**14. MARKUS VILJOENMEDALJE VIR JOERNALISTIEKE PRESTASIE**

Die Markus Viljoenmedalje vir joernalistieke prestasie word toegeken vir langdurige hoogstaande werk in die Afrikaanse joernalistiek, hetsy in koerante of tydskrifte.

Die prys word toegeken aan **mnr. Ton Vosloo**, voorheen uitvoerende voorsitter van Naspers.

Mnr. Vosloo kan beskryf word as 'n veelsydige en talentvolle mens wat hom deur harde werk en toewyding op verskeie terreine onderskei het. As joernalis en sakeleier het hy Suid-Afrika se mediawêreld ingrypend verander. As voorsitter van Naspers – uitvoerend en nie-uitvoerend – en as stigter-voorsitter van die M-maatskappye, het hy uitgestyg tot 'n invloedryke figuur in die Suid-Afrikaanse en internasionale mediawese en sakewêreld.

**15. C.J. LANGENHOVENPRYS VIR TAALWETENSKAP**

Die prys word toegeken vir taalwetenskaplike en/of taalskeppende werk in Afrikaans, met inbegrip van leksikografie.

Die prys word vanjaar toegeken aan **mnr. J. d.T. (Tom) McLachlan** vir sy bydrae tot die Afrikaanse taalpraktyk, asook vir die waarde wat hy toegevoeg het as Taalkommissielid, en as ondervoorsitter en voorsitter van die Taalkommissie.

**16. C.L. ENGELBRECHTPRYS VIR TAALKUNDE**

Die prys word toegeken vir wetenskaplike navorsing oor die Afrikaanse taal of letterkunde.

Die prys word vanjaar toegeken vir die publikasie: ***'n Veelkantiger Afrikaans: streeksvariëteite in die standaardvorming***. Die redakteur is prof. Kwesi Kwaa Prah.

Die publikasie is een van die min boeke waarin daar wetenskaplike bydraes oor die streekvariëteite van Afrikaans vanuit verkillende perspektiewe vervat is.

**17. FARMOVS-PRYS VIR FARMAKOLOGIE EN GENEESMIDDELONTWIKKELING**

Die prys word toegeken vir voortreflike bydraes tot 'n vertakking of vertakkings van farmakologie en geneesmiddelontwikkeling.

Die prys word vanjaar toegeken aan **prof. G.E. (Gerry) Swan** van die Fakulteit Veeartsenykunde, Universiteit van Pretoria.

Prof. Swan is welbekend as Farmakoloog by die Fakulteit Veeartsenykunde, Universiteit van Pretoria, Onderstepoort. Prof. Swan het 'n lang loopbaan in die opleiding van veeartse en farmakologie as spesialisgebied. Sy bydraes behels nie net die opleiding van die groter meerderheid van al die veeartse in Suid-Afrika nie, maar ook die spesialisering van veeartse op die terrein van farmakologie op meesters- en doktoralevlak. Prof. Swan het sedert sy aanstelling by die Universiteit van Pretoria nie net as farmakoloog ontwikkel met besondere bydraes in opleiding en navorsing nie, maar ook 'n leier geword op die gebied veeartsenykunde in die algemeen.

**18. CHRISTO WIESEMEDALJE VIR 'N OPKOMENDE ENTREPRENEUR**

Die medalje word toegeken aan jong sakelui (45 jaar en jonger) wat sukses behaal het. Persone wat die medalje ontvang, moes ondernemerskap, visie en volharding aan die dag gelê het as private ondernemers in: (1) die vestiging/opbou van 'n plaaslike onderneming(s); (2) die ontwikkeling/bemarking van 'n produk of produkte en (3) die skepping van werkgeleenthede en welvaart.

Die prys word vanjaar toegeken aan **mnr. Piet Mouton**, uitvoerende hoof van die PSG-Groep.

Mnr. Mouton se dienstydperk as uitvoerende hoof van die PSG-Groep word veral deur twee uitstaande suksesse gekenmerk: Ten eerste die suksesvolle notering van PSG Konsult, 'n maatskappy wat binne die PSG-Groep ontwikkel en uitgebou is. Deur hierdie suksesvolle notering op die Johannesburgse Effektebeurs het mnr. Mouton nie net daarin geslaag om vir bestaande beleggers waarde te ontsluit nie, maar ook om 'n beleggingsgeleentheid vir voornemende beleggers te skep. Ten tweede die PSG-Groep se strategiese belang in Curro Holdings. Hierdie strategiese belang is tydens mnr. Mouton se dienstydperk uitgebou en Curro Holdings is ook tydens sy dienstydperk op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer.

**19. EREPENNING VIR VISUELE KUNSTE**

Die Erepenning vir Visuele Kunste (installasiekuns) word toegeken aan **mnr. Wim Botha**.

Wim Botha is een van Suid-Afrika se mees prominente kunstenaars wat bekend geword het vir sy beelde of installasies wat uit ongewone materiaal, soos saamgeperste Bybeltekste, polisieverslae of mieliepap gekerf is. Dit het hom aanvanklik in omstredenheid gedompel, maar tegelyk het hy ook deur die gebruik van hierdie alledaagse materiaal aan gevestigde tradisies nuwe betekenis gegee. Sy werk is ingesluit in belangrike internasionale groepuitstallings van Afrika- en Suid-Afrikaanse kunstenaars en sluit lande in soos Dakar, Duitsland, Swede en Nederland.

**20. EREPENNING VIR RADIOHOORBEELDE IN AFRIKAANS**

Die Erepenning vir Radiohoorbeelde kan drie-jaarliks toegeken word. Werke wat uitgesaai is deur alle uitsaainetwerke in die drie kalenderjare wat die bekroningsjaar voorafgegaan het, kom in aanmerking.

Die Erepenning word vanjaar toegeken aan **mnr. Johan Rademan** vir ***!Kwha Ttu***.

Die hoorbeeld handel oor die opleiding- en kultuursentrum sowat 70 kilometer van Kaapstad. By !Kwha Ttu word die herkoms van die San-groepe mense nie alleen bewaar en bestudeer nie, dit word lewendig gehou deur jongmense op te lei om die gebruike en tale van die San uit en oor te dra.

**21. BESONDERE EREPENNING VAN DIE SA AKADEMIE**
'n Besondere Erepenning word toegeken aan **prof. Johan de Villiers en die Libertas-koor**.

Prof. De Villiers is stigter van die Libertaskoor en sedert 1989 die koor se dirigent. Sy besielende leiding, unieke karaktereienskappe en buitengewone bekwaamhede op die terreine van koorafrigting en die uitvoering van koormusiek geniet wêreldwye erkenning en aansien.

Die Libertaskoor leef al die afgelope 25 jaar sy missie uit en toon harmonie in kultuurdiversiteit op 'n konkrete, dog luisterryke manier.

**22. BESONDERE EREPENNING VAN DIE SA AKADEMIE**
'n Besondere Erepenning word toegeken aan **mnr. Boet Troskie** van Bloemfontein.

Mnr. Troskie is een van die handjievol Suid-Afrikaners wat op eie houtjie internasionale ekonomiese sukses kon bereik. Sy Mimosa Films het hy bykans eiehandig gebou en uitgebou. Sy lewensverhaal is waardegedrewe en hy stel self prys op kwaliteit: eerder een goeie film as drie middelmatiges. Mnr. Troskie speel ook al hoe meer die rol van filantropiese entrepreneur, byvoorbeeld sy betrokkenheid by die Sentrale Universiteit vir Tegnologie in Bloemfontein wat daarby baat.

**23. EREPENNING VAN DIE SA AKADEMIE SE FAKULTEIT NATUURWETENSKAP EN TEGNOLOGIE**
Die Erepenning word toegeken vir prestasies en bydraes ten opsigte van die bevordering en ontwikkeling van 'n besondere vakgebied in die natuurwetenskappe.

Die prys word toegeken aan **proff. J.G. van As, L.R. Brown, N.J. Smit en P.J. du Preez** vir hulle boek *Die verhaal van lewe en die omgewing: 'n Afrika-perspektief.*

Die outeurs is gevestigde navorsers in die natuur- en/of lewenswetenskappe wat waardevolle insette lewer op toeganklike, dog wetenskaplike wyse. Die publikasie dra voorheen moeilik verstaanbare begrippe aan die gewone leser op interessante wyse oor.

**24. PROTEA BOEKHUISPRYS VIR DIE BESTE GESKIEDENISPROEFSKRIF IN AFRIKAANS**
Die prys word toegeken aan **dr. S.M. (Marianna) Botes**, verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat. Die titel van haar proefskrif: *Bloemfontein gedurende die bewind van president F.W. Reitz, 1889-1895.*

Die prysgeld word geborg deur Protea Boekhuis.

**25. JUNIOR KAPTEIN SCOTT-GEDENKMEDALJE (Plantkundige Wetenskappe)**
Die medalje kan jaarliks toegeken word vir die beste verhandeling wat by 'n Suid-Afrikaanse universiteit vir die M.Sc.-graad ingedien is (om die beurt in die dierkundige of plantkundige wetenskappe).

Die medalje word toegeken aan **me. Ansori du Plessis-Maré**, verbonde aan die Departement Plantkunde, Universiteit van die Vrystaat. Die titel van haar verhandeling is *Molecular and biochemical characterisation of rust and Fusarium head blight resistant wheat lines.*

**26. DOUW GREEFF-PRYS VIR BESTE ARTIKEL IN DIE *SUID-AFRIKAANSE TYDSKRIF VIR NATUURWETENSKAP EN TEGNOLOGIE***

Die prys word toegeken vir 'n navorsings- of oorsigartikel van hoogstaande wetenskaplike gehalte wat in die *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* gedurende die jaar wat die prys voorafgaan, gepubliseer is.

Die prys word toegeken aan **prof. J.L. Roos** vir sy artikel *Nuwe bevindings oor die genetiese argitektuur van skisofrenie*: Die bydrae van studies onder Afrikaners wat verskyn het in die *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, volume 33(1), 2014.

**27. ESTHER GREEFF-PRYS VIR BESTE ARTIKEL IN DIE *TYDSKRIF VIR GEESTES-WETENSKAPPE***

Die prys word vir 'n navorsings- of oorsigartikel van hoogstaande wetenskaplike gehalte wat in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* gepubliseer is, toegeken.

Die prys word vanjaar toegeken aan **prof. C.S. (Fanie) de Beer** vir drie artikels wat in die tydskrif verskyn het:

(a) *Die Polemologie vir die gees*, jg. 52(1), Maart 2012 in die spesiale uitgawe: "Besinning oor die geesteswetenskappe en menslike geestelikheid";
(b) *Geesteswetenskappe: vry of verkneg?*, jg. 52(4), Desember 2012, in die spesiale afdeling: "Besinning oor die geesteswetenskappe en menslike geestelikheid";
(c) *Wat het intussen van gees geword? Enkele oefeninge in die onmoontlike*, jg. 53(4), Desember 2013, in die afdeling: "Verdere besinning oor gees, geestelikheid en die geestelike".

Die prysgeld word geborg deur prof. O.B.W. Greeff.